

Toelating van kinders tot die Nagmaalsviering: 'n Wederkerige verstaan?

Christo Pretorius (VDM) (NHG Pretoria & Wonderboom-suid)

1. Inleiding

In sy 'Kleine Dogmatiek', onder die opskrif *Over het Avondmaal is onder Protestanten veel strijd gevoerd*, bied van Niftrik (1953:307) kortliks 'n oorsig van die agtergrond, inhoud en hoofemas waaroor enersyds verskille tussen Reformatore heers en andersyds eenstemmigheid.

Ook Balke (1992:145 ev) bespreek die onderlinge verskille en ooreenkomste van die Nagmaalsopvatting soos deur Zwingli, Luther, Calvyn en ander voorgehou word.

Uit hierdie oorsigtelike besprekings blyk dat die viering van die Nagmaal nie as lukrake ritueel of gewoonte beoefen word nie, maar dat dit verbind is aan en afhanklik is van die inhoud, die substansie - die heilsbetekenis van Jesus Christus se lyding en dood en stel Van Niftrik:

Daarom is het Avondmaal *niet* een herinnering aan het lijden en de dood van Christus (Zwingli) en zéker niet een herhaling van het lijden en de dood des Heren als zodánig, óók niet een onbloedige herhaling (Rome), maar verkondiging van de *heilsbetekenis* van het lijden en de dood des Heren.

(1953:307)

Die omgaan met die nagmaalsopvatting vanuit 'n Bybels-Reformatoriese perspektief sal nie net van die wederkerige verbondendheid van die pneumatologie, christologie en ekklesiologie moet kennis neem nie, maar hoe dit in die Nederduitsch Hervormde Kerk aangebied word.

Verskillende artikels, onder andere deur Dreyer (1994), Otto (2000), Pont (2001) en Buitendag (2001) bied hierin insae.

2. Begrippe en begripsspare

In bovermelde artikels word nie net die betekenis van die nagmaal en die viering daarvan histories-teologies ondersoek nie, maar die bespreking van verskillende begrippe en begripssare lig die verskille en ooreenkomste toe.

Van die begrippe en die wederkerige (dialektiese) betekenis eie daaraan, is ondermeer: *Doop en Nagmaal, Christologie en ekklesiologie, pneumatologie en eskatologie, herinnering en gemeenskap, subjek en objek, verlede en toekoms, substansie en teken, die juridiese en mistieke en die Liggaam en liggaam van Christus.*

Ter sake is hoe hierdie begrippe en begripssare tot die verstaan van die nagmaal bydra en of die oorbeklemtoning van die een of die ander daartoe lei dat die onderskeidende en die unieke sowel as die gemeenskaplike van die Nagmaalsviering opgelos word, veral wanneer die toelating van kinders tot die Nagmaal oordink word.

Hierteen waarsku Haitjema wanneer hy die verband tussen geloof en die kruis van Christus bespreek en in die besonder verwys na die Nadere Reformasie (weliswaar die uitleg van die Regverdigingsleer) en die liturgiese beweging se oorbeklemtoning van die fokus op die gelowiges se deelneem en meedoen.

Hy stel dit so:

...Gaat de nadruk vallen op het Avondmaal als òns offer, dan word het werk, de genadegave van Christus verduisterd. Het Avondmaal *is* niet een werk van ons...De mens met zijn geloof en werk kàn en màg niet een afzonderlijk thema voor de theologische aandacht worden...de theologische aandacht verplaatst zich vàn Christus náár het doen, het geloven, het offeren van de mens.

(Haitjema 1948:319)

Balke se bespreking van Johannes Calvyn se traktaat oor die Nagmaal (1541) dui eweneens op die wederkerige verband tussen die grondslag, die inhoud van die nagmaal en die uitbeelding en viering daarvan.

Vir Calvyn is die inhoud en die werklike van die nagmaal die Here Jesus en dit is noodsaaklik dat die substansie, die inhoud grondslag is van die teken.

Indien die nagmaal as teken nie met die heilsbetekenis van Christus se versoenende dood verbind word nie, sou niks vas en seker wees nie.

Die klem wat Calvyn op die heilsbetekenis van die nagmaal plaas klink al eerder in sy nadenke oor die instelling van die nagmaal, die nut daarvan en die wettige gebruik daarvan.

Dit is opmerklik dat Calvyn, wanneer hy oor die instelling van die nagmaal handel, ook die doop vooraf laat gaan en dui hy aan dat dit die goeie God behaag om ons deur die doop in sy kerk, sy huis te ontvang. Hiermee saam wil Hy ons voortdurend versorg, wil Hy die lewe aan ons skenk en roep Hy ons om ons hemelse erfenis in besit te neem, daarom die nagmaal.

Hierop, aldus Balke (1992:147), dui Calvyn aan:

Om ons in dat geestelijk leven te onderhouden, voedt Hij onze zielen met een kostbare spijs, het hemelse brood, dat is het Woord Gods, maar die geestelijke spijs wordt ons in Jezus Christus geschonken en bediend. Door het Woord en door het sacrament van het Avondmaal brengt de Here ons tot de gemeenschap met Christus.

Die gemeenskap met die bloed en liggaam van Jesus Christus is volgens Calvyn 'n onbegryplike geheimenis en boonop iets wat van die mens se kant af nie deurgrond of begryp kan word nie, daarom was dit nodig dat die mens volgens sy begripsvermoë geakkommodeer word.

In die daaropvolgende paragraaf bespreek Calvyn die nuttigheid of die vrug van die Nagmaal en ook in die gedeelte dui Calvyn aan dat die Nagmaal die mens se swakheid te hulp kom en dat God, die hemelse Vader die mens tegemoet kom deur die nagmaal te gee:

...als een spiegel waarin wij ons Here Jezus beschouwen, gekruisigd om onze fouten en zonden weg te nemen en opgestaan om ons te bevrijden van het verderf van de dood en ons te herstellen in de hemelse onsterfelijkheid. Ziedaar een

buitengewone troost, die wij ontvangen van het avondmaal, omdat dit ons richt en brengt bij het kruis van Jezus Christus en Zijn opstanding om ons te verzekeren dat, welke ongerechtigheid er ook in ons is, de Here toch niet aflat om ons te kennen en als rechtvaardigen aan te nemen, welke soort dood er ook in ons is.

Telkens dui Calvyn op die (wederkerige) verband die teken en die betekende, op die inhoud en die tekens.

Die sakramentstekens mag geensins geskei word van die waarheid en substansie nie. Wanneer ons die tekens sien, moet ons dadelik sien wat dit voorstel, wat daardeur geskenk is.

Om hierdie rede dui Calvyn aan, moet rekening gehou word met die wettige gebruik van die nagmaal. Dit is om met eerbied die nagmaal as instelling van die Here te ag en:

...wie nadert tot het sacrament met onachtsaamheid of slordigheid en zich niet veel zorg maakt om de Here te volgen waar Hij roept, misbruikt het op verdorven wijze en misbruikend, verontreinigt hij het. En: bezoedelen en verontreinigen wat God zozéér heeft geheiligd, is een onverdraaglijke heiligschennis.

(Balke 1992:150).

Pont dui eweneens op die Calvyn se aandrang dat die eerbaarheid van die kerk gehandhaaf word en dat niemand Nagmaal gebruik tensy dit gelowig en met eerbied vir die sakrament gedoen word nie (Pont 2001: 784).

Die verbinding tussen Christus en gelowiges wat in die Nagmaal gestalte vind, vereis nie net van volwasse lidmate eerbied vir die sakrament nie, maar bied ook die grondslag vir die onderrig van kinders van gelowiges. Die onderrig het ten doel om die suiwerheid van die leer te handhaaf en sorg te dra dat die sakramente ontheilig word of die eer van God aangetas word.

In sy bespreking van Nagmaalsviering en in besonder toelating van kinders, verklaar Buitendag vanuit dogmaties-historiese perspektief dat die suigelingsnagmaal teologies in die suigelingdoop begrond was. In die daaropvolgende uitgangspunt stel hy:

Die nagmaal is deur God geskenk ten einde gemeenskap met Christus deur

bemiddeling van die Heilige Gees te bewerk. Met hierdie geestelike maaltyd word die geloof gevoed en versterk deur die liggaam en bloed van Christus. Deur die werking van die Gees word die nagmaal 'n voorsmaak van die komende koninkryk.

Na 'n verbesondering van die uitgangspunt verklaar Buitendag:

Die *communio sanctorum* van die nagmaal is nie 'n ander gemeenskap as die van die doop nie. Daarom moet die enge verbondenheid tussen doop en nagmaal altyd sterk beklemtoon word en geen derde moet daar tussenin toegelaat word nie.

Van hieruit stel Buitendag dat die ouderdom vir toelating en openbare geloofsbelydenis nie as toelatingsvereiste tot die Nagmaal mag geld nie.

Hiermee is H F Kohlbrugge dit eens. Hy waarsku eweneens dat die aanneming en bevestiging nie oorskat moet word nie. Van Kohlbrugge moet ons leer dat die belydenis van die geloof as menslike daad nie bo die betekenis van die doop, as daad van God moet verhef nie.

Trouens, in die *Amsterdamsch Zondagsblad*, laat Kohlbrugge hom sterk uit oor die gebruik om konfirmasie voorop te laat gaan:

De beteekenis van den doop is uit de harten verdewenen en in zijn plaats komt de duivel met de zoogenaamde bevestiging en de Antichrist met zijn hostie en de doop betekend niets meer. Wij worden op zijn drieënigen Naam gedoopt: Zoo is onze zaligheid niet afhankelijk van ons, maar alleen van Hem.

Kohlbrugge se kritiese stem teen die oorbeklemtoning van bevestiging en uitdrukkings soos 'lidmaat word', 'nuwe lidmaat', 'aanneming' as derde tussen Doop en Nagmaal is volgens Loos 'n oorblyfsel van die wettiese gees van die Baptisme en volgens hom is '*...niet aanneming en bevestiging maar de doop, niet aanneming en bevestiging maar het Avondmaal (is) goddelijke instelling*' (Loos 1948: 176)

Tog is die gedagtes van Kohlbrugge nie ongekwalifiseerd nie.

Die deelname aan die Nagmaal word nie gevoed of gerig deur besondere ervarings wat

die ontvang van die sakramenttekens, die liggaam en bloed van Jesus Christus, by die ontvanger wek nie, maar, soos die Reformatore, benadruk Kohlbrugge dat die Nagmaal deur eenvoudige geloof, geanker in die Woord alleen, gevier word.

Ook ten opsigte van die doop betreur Kohlbrugge die gebrek aan kennis van die betekenis van die doop. Die betekenis wat Kohlbrugge aan die doop toeken is bepalend vir die verstaan en viering van die Nagmaal en Loos dui aan dat vir Kohlbrugge is die doop:

...zegel op de belofte Gods God heeft door den kruisdood en de opstanding van Jezus Christus Zijn genadig besluit over ons genomen. Ons lot is beslist. Het gaat met ons niet ten doode – zooals wij verdiend hadden.

Hierop verklaar Kohlbrugge die betekenis en waarde van die doop en dui dan aan dat die kinderdoop, die sakrament '*...zegel op Gods belofte, niet Zegel op onzen staat is*' en hierin verskil die Reformatoriese verstaan van die Baptisme. Laasgenoemde ruil die goddelike orde om: *eers sien, dan glo* teenoor die *eers glo, dan sien* soos in die Bybels-Reformatoriese etos.

Illustreerend hiervan is Haitjema (1948: 313) se bespreking van die manier waarop die heil in die nagmaal verdiskonteer word:

Het eigenaardige en bijzondere van het Avondmaal bestaat oa. hierin, dat het ons heil in Christus predikt op een wijze, die het midden houdt tussen de juridische en de mystieke opvatting van het heil – die de waarheidselementen van het juridische en het mystieke verdisconteer en die eenzijdighede van beide vermijdt...het Avondmaal bewaart de gemeente voor de alleen, maar strakke, juridische, objektiewe opvatting van het heil, en het Avondmaal bewaart er ons voor door de mystieke beleving te worden verslonden...bij de juridische denkwijze dreigt het gevaar, dat wij er *buiten* blijven staan. Het heil word alleen objektief gezien. De subjektiewe toeëigening dreigt een aanhangsel te worden. *Hij* deed het voor ons, maar buiten ons om en zònder ons. Bij de mystieke denkwijze echter dreigt weer het gevaar, niet, dat wij buiten het heil blijven, zoals bij de juridische denkwijze, maar dit wij er door verzwòlgen worden.

Die onderskeid wat Haitjema ten opsigte van die nagmaal uitwys of eerder hoe met die

heilsbetekenis omgegaan word, sonder om in eensydighede te verval dien ook as maatstaf waarmee die verhouding tussen die Doop en Nagmaal bespreek word.

Die verbondenheid van die doop en die nagmaal spruit voort uit die heilsbetekenis grondliggend daaraan: Die kruis van Jesus Christus is die enigste bron vir ons verlossing en saligheid.

Hieroor heers algemene instemming en so lei Sondag 25-30 van die Heidelbergse Kategismus die bespreking van die Sakramente in.

Tog is dit van belang om te vra na die wyse waarop die sakramente bedien word en of 'n ongekwalfiseerde parallel tussen die sakrament van die Doop en Nagmaal as motivering vir die toelating van kinders tot die nagmaal geregverdig is.

3. Die eenvoudige Heidelbergse

In Sondag 25-30 word die leer oor die Sakramente in die Heidelbergse Kategismus aangebied.

Hierin word beklemtoon dat in die protestantse tradisie daar slegs twee sakramente geag word – die Doop en Nagmaal soos deur Jesus Christus ingestel.

Nie net in die Kategismus nie, maar ook in die formuliere van sowel die Doop en die Nagmaal klink die vraag na die nut van die sakramente, die waartoe of die doel van die instelling hiervan deur Jesus Christus en bly die doel van die sakramente bepalend vir hoe dit gebruik word.

In Haitjema se kommentaar en uitleg van die Heidelbergse Kategismus (1962:202 ev) kan terugskouend vanuit Sondag 30, vraag en antwoord 81 en 82, gevra word na die gemeenskaplike en onderskeidende van die Sakramentsbediening.

Vraag en antwoord 81 en 82 word voorafgegaan na die vraag na die onderskeid tussen die Nagmaal van die Here en die paapse mis en hierop volg vraag 81 en 82:

Wie moet na die Nagmaaltafel van die Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat

dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en dié wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en dié wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself (a).

(a) 1 Kor 11: 28; 10: 19-22.

Vraag 82: Moet dié mense ook aan die Nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek (a). Daarom is die Christelike kerk volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense met die sleutels van die koninkryk van die hemel uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.

(a) 1 Kor 11: 20, 34; Jes 1: 11; 66: 3; Jer 7: 21; Ps 50: 16.

Haitjema dui aan dat, getrou aan die reformatoriese vertrekpunt, 'deur die geloof alleen' die Kategismus die vraag aangaande die ware ontvangers van die nagmaal aan die orde stel. Ook hier word die verbondenheid, die instemming en ooreenstemming met die doop (Vraag en antwoord 74) bevestig, maar, stel hy (1962:206-207):

Naar de inhoud echter snijdt onze Heidelberger de dwaling af, die uit dit parallelisme zou kunnen opdringen, nl dat ook jonge kinderen, omdat zij in Gods genadeverbond zijn begrepen, tot deelgenoten aan het avondmaal des Heren behoren te worden toegelaten, evengoed als de kleine kinderen der gelovigen gedoopt worden. Er zij inderdaad sekten, die zulk een avondmaalspraktijk voor kleine kinderen toepassen.

As voorbeeld hiervan verwys Haitjema na die *Hersteld-Apostolischen*:

...die het parallelisme van doop en avondmaal zó radikaal, ook naar inhoud doorvoerden, dat zij in hun *Oude en Nieuwe Wegen* (1913, blz 521) konden neerschrijven: "zooals de natuurlijke melk der moeder, zonder dat het kind het weet, voor het natuurlijke lichaam is, zo is het heilig avondmaal het leven voor het geestelijk lichaam.

Die tendens is ook tekenend van die Roomse kerk wat kinders tot gebruik van die sakrament toelaat, soos blyk uit Pous Pius X se dekreet, *Quam Singulari*.

Volgens die dekreet word kinders op sewejarige ouderdom tot die sakrament toegelaat.

Ter motivering het Pius X nie net na Matteus 18 verwys nie maar ook na die gebruik om aan suigeling nagmaal te bedien en verklaar voorts dat geen besondere voorbereiding van kinders verwag word en dit vanweë die rein en onskuldige sielestaat waarin hulle verkeer.

Hierteenoor stel Haitjema (1926:207-208) dat die reformatore, en veral die Lutheranisme, 'n bewuste geloofsbelydenis en daarmee saam 'n selfondersoek ten opsigte van die drie geloofstukke: sonde, verlossing en dankbaarheid voorhou ten einde '*...het verbond der genade heilig te houden*'.

4. Opsommend

Ter opsomming kangelstel word dat die betekenis van die sakramente ooreenstem.

Tog is die doel daarvan verskillend soos blyk uit Calvyn se traktaat oor die doop (1541) of soos die Kategismus aandui met die vraag waartoe of met watter doel is die sakramente ingestel?

Die ooreenstemmende van die sakramente sluit nie die onderskeidende of wederkerige daarvan uit nie.

Dit blyk uit die instelling van die doop wat Jesus kort voor sy Hemelvaart instel volgens Matteus 28: 16 -20:

[16] Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. [17] Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. [18] Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19] Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die

Heilige Gees, en [20] leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” (2020 NAV)

Die opdrag om alle volke te doop sluit geen voorskrifte ten opsigte van ouderdom in nie, maar die begeleidende onderrig daaroor is nie afwesig nie.

Die daede en die woorde van Christus, sy kruis en opstanding, die liefde en genade van God wat geopenbaar word is die grond waaruit die opdrag spruit en die kerk getuig hiervan.

Ten opsigte van die Nagmaal is die verbond van genade, die waarheid aangaande God se beloftes eweneens die bodem waarin die nagmaal anker, maar met 'n ander doel soos Calvyn in sy Traktaat (1541) aandui in die voetspoor van die apostel Paulus volgens 1 Kor 11:

[25] Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.” (NAV 2020).

Dui die eenmaligheid van die doop en die herhalende viering van die nagmaal nie op die verbondenheid en die onderskeidende, op die ooreenstemmende én die unieke nie?

In sy Traktaat (Balke 1992:151) het Calvyn die doop beskryf as die teken wat die innooi in die Vaderhuis bevestig en omdat die Vader steeds sy gemeente wil versorg, bewaar en lei, word die Nagmaal geskenk. Die eerste dien as teken van die inlei en die tweede die inbly.

Kinders word dus gedoop op grond van die genadeverbond van God, nie vanweë hulle of hulle ouers se geloof nie en hierin is Kolhbrugge dit eens wanneer hy stel dat God se beloftes ook in ons twyfel en struikeling, die enigste waarborg is.

Daarom dien die doop nie om kinders tot lidmate te verklaar nie, maar omdat hulle lidmate is op grond van God se liefde en genade (vgl Dreyer 1994).

Hierop volg die nagmaal as geloofsantwoord op die genadeverbond wat in Jesus Christus vervul is en ons oproep om te dink aan die versoening deur Jesus Christus.

Ook ten opsigte van die nagmaal het Kohlbrugge gestel dat ons deelneem en deelhê aan die nagmaal nie 'n uitbreiding van lidmaatskap is nie of 'n bevestiging is nie. Dit bly 'n

daad van God, uit God en nie vanuit die mens nie.

Die oorweging en die afwysing van die toelating van kinders tot die nagmaal word aan die hand van begripbare binne die Christologiese, pneumatologiese en ekklesiologiese kennisvelde geformuleer.

Hier toe dien die parallel tussen die kinderdoop en kindernagmaal as voorbeeld.

Opsigself het die begrippe en teologiese begroning betekenis, maar die oorbeklemtoning van of die onderskeidende of die gemeenskaplike hiervan bied dalk nie genoegsaam ruimte vir 'n ander dinamiek nie: die wederkerige definiëring, die dialektiese funksie tussen die begrippe wat gestalte kry in die doel en hoe van die sakramentsbediening.

Bronnelys

Balke, W 1992. *Omgang met de reformatoren*. De Groot Goudriaan: Kampen.

Buitendag, J 2001. "Saam een liggaam" (1 Kor 10:17)- Deelname van kinders aan die nagmaal. *HTS* 57(1&2), 531-562.

Dreyer, W A 1994. Die kerkregtelike posisie van die kind in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, met besondere verwysing na lidmaatskap, doop, nagmaal en tug. *HTS* 50/3, bl 522-530.

Haitjema, TH L 1948. *Dogmatiek Als Apologie, 'Ik geloof in den God van Jesus Christus*. De Erven: Haarlem.

- 1962. *De Heidelbergse Catechismus als klankbodem en inhoud van het actuele belijden onzer kerk*. Veenman: Wageningen.

Kohlbrugge, H F (sj). *De eenvoudige heidelberger, Catechismuspreken*. Wever: Franeker.

Loos, J 1948. *De Theologie van Kohlbrugge*. Amsterdam: Holland.

Otto, J 2000. Doop as die deur tot die nagmaal: 'n Perspektief op kinderdeelname aan die nagmaal *HTS* 56(2&3), 778-794.

Papal Encyclicals, <https://www.papalencyclicals.net/pius10/p10quam.htm>. Geraadpleeg Augustus 2021.

Pont, A D 2001. Oor die toelating tot die Nagmaal. *HTS* 57(3&4), 778-799.

Van Niftrik, G C 1953. *Kleine Dogmatiek*. Callenbach: Nijkerk.